Die Reëls vir die Bestuur en Administrasie van die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie), die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding) en die Natal Gemeenskaplike Munisipale Voorsorgfonds was uitgereik, en gewysig van tyd tot tyd, ingevolge die regulasies gemaak kragtens die Ordonnansie op die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding), 1974 (Ordonnansie No. 27 van 1974), die Ordonnansie op die Plaaslike Regering, 1973 (Ordonnansie No. 24 van 1973), en die Wet op die Natal Gemeenskaplike Munisipale Voorsorgfonds, 1995 (Wet No. 4 van 1995). Hierdie regulasies en reëls is, tot 'n groot mate, identies in inhoud. Desnieteenstaande was die lidmaatskap van die Fonds, asook die begunstigdes en afhanklikes, uitsluitlik rasgebaseerd. Gevolglik, deur die verwydering van alle rasgebaseerde verwysings, word verseker dat daar geen onderskeid tussen die Natal Gemeenskaplike Pensioenfonds (Superannuasie) en die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding) betreffende die kategorieë van begunstigdes en hul afhanklikes bestaan nie, en is die wetgewing nie meer diskriminerend op grond van ras nie.

2. BESPREKING

2.1 Klousule 1: Omskrywings

Klousule 1 omskryf woorde en uitdrukkings gebruik in die Wetsontwerp op die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding), 2016. Die toepaslike omskrywings vervat in die Ordonnansie op die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding), 1974 (Ordonnansie No. 27 van 1974), en die regulasies daarkragtens gemaak, asook die Reëls vir die Bestuur en Administrasie van die Natal Gemeenskaplike Munisipale Fonds (Superannuasie), Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding), en die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Voorsorgfonds lig gesamentlik die inhoud van klousule 1 in.

2.2 Klousule 2: Oogmerke van Wet

Klousule 2 sit die oogmerke van die Wet uiteen, synde om die statutêre raamwerk vir die huidige Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding) te vervang met die nuwe statutêre raamwerk vir die huidige Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding) wat gereguleer word deur, berig word met, en voldoen aan die Grondwet van die

Republiek van Suid-Afrika, 1996, die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet No. 24 van 1956), en die beginsels van goeie regering.

2.3 Klousule 3: Toepassing van Wet

Klousule 3 voorsien dat die Wet van toepassing is op die munisipaliteite in assosiasie met, en lede van, die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding). Dit vermeld verder dat die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet No. 24 van 1956), van toepassing is op die Wet en geniet voorkeur in die geval van 'n onverenigbare konflik.

2.4 Klousule 4: Hernoeming, voortbestaan en bedryf van Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding)

Klousule 4 voorsien dat die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding) hernoem word na die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding) en voortbestaan met al die geassosieerde regte, bevoegdhede, pligte, verantwoordelikhede, bates en laste soos dit bestaan het onmiddelik voor die inwerkingtreddingsdatum van die Wet. Die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding) word bedryf ooreenkomstig die bepalings van die Wet en die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet No. 24 van 1956). Die regulasies gemaak met betrekking tot, en al die reëls van toepassing op, die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding) is van toepassing op die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding).

2.5 Klousule 5: Voortgesette Fondslidmaatskap

Klousule 5 omskryf die lede van die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding). Alle persone wie, onmiddelik voor die inwerkingtreddingsdatum van die Wet, lede van die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding) was, gaan voort om lede van die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding) te wees.

2.6 Klousule 6: Voortgesette assosiasie met Fonds

Klousule 6 bepaal dat alle munisipaliteite in assosiasie met die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding) onmiddelik voor die inwerkingtredding van die Wet, voortgaan om met die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding) in assosiasie te wees.

2.7 Klousule 7: Bevoegdhede van verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad

Klousule 7 verleen sekere bevoegdhede aan die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad (LUR). Die LUR is gemagtig om 'n aktuaris aan te stel met die uitvoer van 'n aktuariële waardasie ten doel, en 'n ouditeur vir 'n audit van die finansiële status van die KwaZulu-Natal

Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding). Die LUR kan regulasies maak vir die wysiging, vervanging of herroeping van bestaande regulasies gemaak ingevolge die Ordonnansie op die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding), 1974 (Ordonnansie No. 27 van 1974), asook ten opsigte van die bategrondslag, beleggings en finansiële en ander bronne van die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding). Verder bemagtig die klousule die LUR om regulasies te maak ten einde voorsiening te maak dat lede van die twee pensioenfondse en die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Voorsorgfonds oorplasing tussen die twee fondse kan kies, asook regulasies rakende ander aangeleenthede indien dit nie onverenigbaar is met die Wet nie, en indien hy of sy dit as nodig of wenslik beskou ten einde die toepassing van die Wet te fasiliteer. Die LUR kan ook kennisgewings uitreik. Regulasies en kennisgewings kan gemaak of uitgereik word met enige inwerkingtredingsdatum, hetsy voor of vervolgens die proklamasiedatum daarvan.

2.8 Klousule 8: Oorgangsreëlings

Klousule 8 sit 'n aantal oorgangsreëlins aangaande die Bestuurskomitee en die Algemene Komitee uiteen. Die Bestuurskomitee en die Algemene Komitee van die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding) gaan voort, vir alle doeleindes, om werkzaam te wees as die Raad van Trustees en die Algemene Komitee, onderskeidelik, sonder onderbreking en met al hul bevoegdhede, werksaamhede, pligte en rolle. Die klousule bevat ook 'n bepaling aangaande die beheer, bestuur en bedryf van die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding) en omskryf 'n "**werknemer**" vir doeleindes van die Wet. Die klousule maak verder voorsiening vir 'n spesiale algemene vergadering wat gehou moet word binne twaalf (12) maande na die publikasie van die Wet.

2.9 Klousule 9: Herroeping van wet en behoud

Klousule 9 maak voorsiening vir die herroeping van die Ordonnansie op die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding), 1974 (Ordonnansie No. 27 van 1974), asook behoud. wat betrekking het op die Regulasies aangaande die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding) en die reëls van toepassing op die vermelde Fonds.

2.10 Klousule 10: Kort titel

Klousule 10 sit die kort titel van die Wet uiteen. Waar geen bepaalde datum van inwerkingtreding vermeld word nie, sal die Wet in werking tree by publikasiedatum in die *Provinsiale Koerant*.

3. LIGGAME EN ORGANISASIES GERAADPLEEG

Die volgende liggame en organisasies sal geraadpleeg word na die publikasie van die Wetsontwerp ooreenkomstig die bepalings van artikel 154(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996:

- 3.1** Die Registrateur van Pensioenfondse;
- 3.2** Die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioen- en Voorsorgfonds;
- 3.3** Geassosieerde munisipaliteite;
- 3.4** Lede van die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding), deur middel van 'n spesiale algemene vergadering; en
- 3.5** Die Bestuurskomitee van die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding).

4. FINANSIËLE IMPLIKASIES VIR PROVINSIE

In die uitvoer van die vertrouensverantwoordelikhede ten opsigte van die beheer, bestuur en administrasie van die gevolge van die inwerkingstelling van hierdie Wetsontwerp kan die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad 'n onafhanklike ouditeur en onafhanklike aktuaris aanstel ten einde onafhanklike inligting te voorsien wat wesenlik bystand sal verleen met die volle inwerkingstelling van die bepalings van hierdie Wetsontwerp en, onder andere, ten einde te verseker dat alle rasgebaseerde verwysings en alle vorme van onderskeid tussen die Natal Gemeenskaplike Pensioenfonds (Superannuasie) en die Natal Gemeenskaplike Pensioenfonds (Aftreding), met betrekking tot die kategorieë van begunstigdes en hul afhanklikes, verwyder word.

5. FINANSIËLE EN ANDER IMPLIKASIES VIR MUNISIPALITEITE

Geassosieerde munisipaliteite se maandelikse bydraes sal, vanaf die inwerkingtreddingsdatum van die Wet, verhoog word ten einde te verseker dat die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding) in staat sal wees om al sy verpligtinge aan alle lede na te kom.

6. FINANSIËLE EN ANDER IMPLIKASIES VIR LEDE

Geen.

7. WETGEWENDE PROSEDURE

By aanvaarding van hierdie Wetsontwerp, in beginsel, deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, beoog die KwaZulu-Natal Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake om die Konsepwetsontwerp en Memorandum oor die Oogmerke aan munisipaliteite, lede van die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding) en 'n spesiale algemene vergadering voor te lê vir skriftelike kommentaar, waarna die Wetsontwerp weer aan die Provinsiale Hoofstaatsregsadviseur en die Provinsiale Tesourie voorgelê sal word.

Die KwaZulu-Natal Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake beoog dan om die Wetsontwerp aan Kabinet voor te lê vir sy goedkeuring en oordrag na die KwaZulu-Natal Provinsiale Wetgewer. Dit word beoog dat hierdie proses tydens die 2016/2017 boekjaar afgehandel sal word.

8. KONTAKPERSOON

Naam: Mnr. KW Kuhn
Posisie: Senior Bestuurder: Regsdienste
Department van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake
Telefoon: +27 33 395 2942
Selfoon: +27 83 282 5119
Faks: +27 33 394 9714
e-pos: Karl-Heinz.Kuhn@kzncogta.gov.za

**WETSONTWERP
OP DIE KWAZULU NATAL GEMEENSKAPLIKE MUNISIPALE
PENSIOENFONDS (SUPERANNUASIE), 2016**

WETSONTWERP

Om voorsiening te maak vir die voortgesette bestaan van, en die voortsetting van beide lidmaatskap van en assosiasie met, die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie); vir die hernoeming van die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds as die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie); vir die bevoegdheid van die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad om regulasies te maak; vir oorgangsreëlings; vir die herroeping van wette en behoud; en vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

AANHEF

AANGESIEN dit nodig is om pre-1994 rassediskriminerende Natal Ordonnansies wat die instelling en inwerkingstelling van twee afsonderlike rasgebaseerde pensioenfondsstelsels vir munisipale werknemers bepaal het, te vervang, synde die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding), wat toegewys is aan die Provinsie deur die President ooreenkomstig artikel 235(8) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993 (Wet No. 200 van 1993), en wat uitgedien geraak het met die inwerkingtreding van die demokratiese bedeling op 27 April 1994;

AANGESIEN die toegewysde rasgebaseerde pre-1994 Ordonnansies provinsiale wetgewing geword het, soos bepaal deur artikel 239 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, en die Provinsiale Wetgewing gevolglik bevoeg is om sodanige wetgewing te herroep, wysig en vervang ooreenkomstig artikel 104(1)(b) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

AANGESIEN daar 'n behoefte bestaan om te verseker dat alle rasgebaseerde verwysings en alles wat deel vorm van onderskeid tussen die twee pensioenfondse met betrekking tot die kategorieë begunstigdes en hul afhanklikes verwyder word;

EN AANGESIEN dit nodig is om die statutêre raamwerk van die huidige Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie) te vervang met 'n raamwerk wat uitsluitlik gereguleer word deur, berig word met, en ooreenkomstig die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, die nasionaal toepaslike Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet No. 24 van 1956), en die beginsels van goeie regering.

WORD DAAR DERHALWE VERORDEN deur die Provinsiale Wetgewer van die Provinsie van KwaZulu-Natal soos volg:-

Omskrywings

1. In hierdie Wet, tensy die samehang anders aandui, beteken –

“**aktuaris**” ’n persoon wat –

(a) ’n genoot is van ’n instituut, fakulteit, vereniging of kapittel van aktuarisse as sodanig geregistreer ooreenkomstig toepaslike wetgewing; en

(b) aangestel deur die –

(i) Registrateur; en

(ii) Raad van Trustees,

as ’n waardeerder soos bedoel in artikel 9A van die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet No. 24 van 1956);

“**algemene komitee**” die algemene komitee verkies ooreenkomstig die bepalings van die Reëls;

“**beginsels van goeie regering**” die beginsels soos uiteengesit in die King-verslag oor Bestuur in Suid-Afrika, 2009, en enige wysigings daaraan, of hersiening daarvan;

“**bestuurskomitee**” die bestuurskomitee verkies in ooreenstemming met die bepalings van die Reëls;

“**Fonds**” die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie), hernoem as die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie) ooreenkomstig artikel 4 vanaf die inwerkingtreedingsdatum van hierdie Wet;

“**hierdie Wet**” ingesluit die regulasies en kennisgewings uitgereik ingevolge sodanige regulasies ;

“**kennisgewing**” ’n kennisgewing uitgereik ingevolge ’n regulasie;

“**KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Voorsorgfonds**” die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Voorsorgfonds, ooreenkomstig artikel 2 van die KwaZulu-

Natal Wet op Gemeenskaplike Munisipale Voorsorgfonds, 1995 (Wet No. 4 van 1995), ingestel;

“lid”, tensy dit uit die samehang anders blyk, ’n natuurlike persoon wie –

- (a) op enige stadium voor die inwerkingtredingsdatum van hierdie Wet tot die Fonds bygedra het en vanaf die inwerkingtredingsdatum van hierdie Wet voortgaan om tot die Fonds by te dra; of
- (c) op enige datum wat volg op die inwerkingtredingsdatum van hierdie Wet begin om tot die Fonds by te dra;

“munisipaliteit” –

- (a) ingesluit ’n metropolitaanse munisipaliteit, ’n distriksmunisipaliteit of ’n plaaslike munisipaliteit soos bedoel in artikel 155(6) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
- (b) ’n munisipaliteit ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998), ingestel;
- (c) ’n munisipaliteit, wanneer bedoel as ’n entiteit of ’n korporatiewe liggaam soos omskryf in artikel 2 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000); en
- (d) ’n munisipale gebied, wanneer bedoel as ’n geografiese gebied, bepaal soos bedoel in die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Afbakening, 1998 (Wet No. 27 van 1998);

“**Munisipale Stelselwet**” die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000);

“**Munisipale Strukturewet**” die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

“**Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding)**” die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding), ingestel deur artikel 2 van die Ordonnansie op die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding), 1974 (Ordonnansie No. 27 van 1974);

“**Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie)**” die Natal Gemeenskaplike Pensioenfonds (Superannuasie), ingestel deur artikel 2 van die

Ordonnansie op Plaaslike Regering Superannuasie, 1973 (Ordonnansie No. 24 van 1973);

“**ordonnansie**” die regulasies daarkragtens gemaak ingesluit;

“**ouditeur**” ’n openbare rekenmeester en ouditeur wie –

- (a) as sodanig geregistreer is ooreenkomstig die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1991 (Wet No. 80 van 1991); en
- (b) aangestel is deur die Raad van Trustees;

“**Pensioenfondswet**” die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet No. 24 van 1956);

“**proklamasie**” die proklamasie in die Provinsiale *Koerant*;

“**Provinsie**” die Provinsie van KwaZulu-Natal;

“**Provinsiale Koerant**” die Provinsiale *Koerant* van die Provinsie van KwaZulu-Natal;

“**Raad op Finansiële Dienste**” die Raad op Finansiële Dienste ingestel ooreenkomstig artikel 2 van die Wet op die Raad op Finansiële Dienste, 1990 (Wet No. 97 van 1990);

“**Raad van Trustees**” die Raad van Trustees bedoel in artikel 7A van die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet No. 24 van 1956), en ingestel soos voorgeskryf;

“**Reëls**” vir die doeleindes van die Pensioenfondswet –

- (a) die Reëls vir die Bestuur en Administrasie van die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie), die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding), en die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Voorsorgfonds, uitgereik ooreenkomstig die regulasies gemaak kragtens die –
 - (i) Ordonnansie op Plaaslike Regering Superannuasie, 1973 (Ordonnansie No. 24 van 1973);
 - (ii) Ordonnansie op Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding), 1974 (Ordonnansie No. 27 van 1974); en
 - (iii) KwaZulu-Natal Wet op Gemeenskaplike Munisipale Voorsorgfonds, 1995 (Wet No. 4 van 1995); en

(b) enige verdere Bylaes gemaak, ooreenkomstig artikel 7, na die inwerkingtredingsdatum van hierdie Wet;

“**regulasie**” ’n regulasie gemaak kragtens hierdie Wet, ingesluit enige Bylae tot sodanige regulasies;

“**Regulasies wat die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie) beheer**” die regulasies wat die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie), gepubliseer in Provinsiale Kennisgewing No. 246 van 1974 op 24 Mei 1974, beheer;

“**verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad**” die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir plaaslike regering;

“**voorgeskryf**” deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad voorgeskryf deur regulasie gemaak of kennisgewing uitgereik ooreenkomstig artikel 7; en

“**werknemer**” ’n werknemer soos bedoel in artikels 8(2) en (3).

Oogmerke van Wet

2. Die oogmerke van hierdie Wet is om die huidige statutêre raamwerk van die Fonds te vervang met ’n raamwerk wat uitsluitlik gereguleer word deur, berig is met, en voldoen aan die –

- (a) Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
- (b) Pensioenfondswet; en
- (c) beginsels van goeie regering.

Toepassing van Wet

3.(1) Die Wet is van toepassing op alle munisipaliteite in assosiasie met, en lede van, die Fonds.

(2) Die bepalings van die Pensioenfondswet is van toepassing op hierdie Wet, en die Pensioenfondswet geld in die geval van ’n onverenigbare konflik tussen die toepassing van die Pensioenfondswet en die bepalings van hierdie Wet.

Hernoeming, voortbestaan en bedryf van Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie)**4.(1) Die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie) –**

- (a) word hernoem as die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie);
- (b) bly voortbestaan met al sy verwante regte, bevoegdhede, pligte, verantwoordelikhede, bates en laste soos hulle was onmiddelik voor die inwerkingtreddingsdatum van hierdie Wet; en
- (c) word bedryf ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet, behoudens die bepalings van artikel 3(2) van hierdie Wet.

(2) Die Regulasies wat die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie) beheer, en die Reëls, is van toepassing op die Fonds.

Voortgesette lidmaatskap van Fonds

5. Behoudens die bepalings van hierdie Wet of enige ander wet gaan 'n persoon wie, onmiddelik voor die inwerkingtreddingsdatum van hierdie Wet, lid was van die Fonds, voort om 'n lid van die Fonds te wees.

Voortgesette assosiasie met Fonds

6. Elke munisipaliteit wat, onmiddelik voor die inwerkingtredding van die hierdie Wet, in assosiasie was met die Fonds se assosiasie met die Fonds duur voort.

Bevoegdhede van verantwoordelike Lid van Uitvoerende Raad

7.(1) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad kan, na oorlegpleging met die Fonds, –

- (a) die volgende aanstel –
 - (i) 'n aktuaris, ten einde 'n aktuariële waardasie van die Fonds uit te voer; en
 - (ii) 'n ouditeur, ten einde finansiële verslae van die Fonds te oudit;
- (c) deur regulasie, enige bestaande Regulasies wat die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie) beheer en Reëls, herroep, wysig of vervang;

- (c) deur regulasie, enige Regulasies maak, herroep, wysig of vervang –
- (i) ten opsigte van die bategrondslag, beleggings en finansiële en ander inkomstebronne van die Fonds;
 - (ii) ten einde te voorsien dat lede van die Fonds kan kies om oorgeplaas te word na die –
 - (aa) Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding); of
 - (bb) KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Voorsorgfonds,
- en omgekeerd, ooreenkomstig die bepalings van artikel 14 van die Pensioenfondswet; en
- (iii) nie onverenigbaar met hierdie Wet is nie, vir enige aangeleentheid wat hy of sy nodig of wenslik beskou ten einde die toepassing van hierdie Wet te fasiliteer: Met dien verstande dat die algemeenheid van hierdie bevoegdheid nie beperk word deur enige van die bepalings van paragraaf (a), (b), (c)(i) of (c)(ii) nie; en
- (d) kennisgewings uitreik betreffende hierdie Wet of regulasies gemaak ooreenkomstig hierdie Wet deur publikasie in die Provinsiale *Koerant*.

(2) Enige Regulasie gemaak of kennisgewing uitgereik deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad ooreenkomstig subartikel (1) kan gemaak of uitgereik word met inwerkingtreding vanaf enige datum, hetsy voor of vervolgens die proklamasiedatum daarvan.

Oorgangsreëlings

8.(1) Behoudens die beskerming van bestaande regte bedoel in artikels 4(1)(b) en 9(2) –

- (a) gaan die Bestuurskomitee, ingestel ooreenkomstig regulasie 7 van die Regulasies wat die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie) beheer, voort, vir alle doeleindes, om werkzaam te wees, sonder onderbreking, as die Raad van Trustees van die Fonds met al die bevoegdhede, werksaamhede, pligte en rolle wat, voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, in die Bestuurskomitee van die Fonds gesetel was;
- (b) gaan die Algemene Komitee, ingestel ooreenkomstig regulasie 7 van die Regulasies wat die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds beheer, voort, vir alle doeleindes, om werkzaam te wees, sonder onderbreking, as die Algemene Komitee van die Fonds met al die bevoegdhede, werksaamhede, pligte en rolle wat, voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, in die Algemene Komitee van die Fonds gesetel was; en

- (c) gaan die Fonds voort om beheer, bestuur en bedryf te word, met die nodige veranderinge, ooreenkomstig die bepalings van elke –
- (i) wet; en
 - (ii) administratiewe en finansiële prosedure,
- wat van toepassing was op die Fonds voor die inwerkingtredingsdatum van hierdie Wet, en soos van tyd tot tyd gewysig.
- (2) Behoudens subartikel (3) is 'n werknemer enige persoon in die diens van 'n munisipaliteit en wie –
- (a) in 'n voltydse hoedanigheid in diens geneem is deur die vermelde munisipaliteit; en
 - (b) die ouderdom van 17 jaar bereik het maar nie, ten tye van aansluiting by die vermelde munisipaliteit, 'n ouderdom van agt jaar minder as die pensioenouderdom bereik het nie.
- (3) Vir die doeleindes van hierdie Wet –
- (a) kan enige persoon, wat in diens geneem is deur 'n munisipaliteit en wie se dienste beëindig sal word by voltooiing van die doel vir sy of haar indiensneming, binne 'n tydperk van hoogstens drie jaar, nie beskou word as 'n werknemer van die munisipaliteit nie;
 - (b) 'n persoon wat in diens van 'n munisipaliteit aansluit nadat 'n ouderdom van agt jaar minder as die pensioenouderdom bereik is, kan, met die instemming van die indiensnemingsmunisipaliteit, kies om as 'n werknemer beskou te word; en
 - (c) behoudens die goedkeuring van die Raad van Trustees kan 'n persoon, wat in diens van 'n munisipaliteit aansluit in 'n deeltydse hoedanigheid kies, met die instemming van die indiensnemingsmunisipaliteit, om as 'n werknemer beskou te word.
- (4) 'n Spesiale algemene vergadering, bestaande uit alle munisipaliteite in assosiasie met, en werknemerslede van, die Fonds moet binne 'n tydperk wat nie 12 maande na die publikasiedatum van hierdie Wet in die Provinsiale *Koerant* oorskry nie, gehou word.

Herroeping van wette en behoud

9.(1) Die wet vermeld in die eerste en tweede kolom van Dele A en B van die Bylae tot hierdie Wet word hiermee herroep tot die omvang uiteengesit in die derde kolom van die vermelde Bylae.

(2) Alle regulasies gemaak kragtens die Ordonnansie op Plaaslike Regering Superannuasie, 1973 (Ordonnansie No. 24 van 1973), en die Reëls, tot die omvang wat dit van toepassing is op die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie), bly van krag en afdwingbaar asof die vermelde Ordonnansie nie herroep is nie soos bedoel in subartikel (1).

Kort titel

10. Hierdie Wet word die KwaZulu-Natal Wet op Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie), 2016 genoem.

BYLAE
WETTE HERROEP

(Artikel 9(1))

DEEL A: ORDONNANSIES VAN DIE VOORMALIGE PROVINSIE VAN NATAL

<i>Nommer en jaar van wet</i>	<i>Titel</i>	<i>Omvang van herroeping</i>
Ordonnansie No. 24 van 1973	Ordonnansie op Plaaslike Regering Superannuasie, 1973	Die geheel

**DEEL B: REGULASIES GEMAAK INGEVOLGE ORDONNANSIES VAN DIE
VOORMALIGE PROVINSIE VAN NATAL**

<i>Nommer en jaar van wet</i>	<i>Titel</i>	<i>Omvang van herroeping</i>
Provinsiale Kennisgewing No. 246 van 1974	Regulasies vir die beheer van die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie), 1974	Alle verwysings na "Wit"

MEMORANDUM
OOOR DIE OOGMERKE
VAN DIE
KWAZULU-NATAL WETSONTWERP OP GEMEENSKAPLIKE MUNISIPALE
PENSIOENFONDS (SUPERANNUASIE), 2016

1. INLEIDING

Die doel van die Wetsontwerp is om die rassisties-diskriminerende Natal Ordonnansies wat uitgedien geraak het met die aanvang van die demokratiese bedeling op 27 April 1994 te vervang en ten einde te verseker dat alle rasgebaseerde verwysings en alle vorme van onderskeid tussen die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie) en die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding) betreffende die kategorieë van begunstigdes en hul afhanklikes verwyder word.

Ingevolge artikel 235(8) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993 (Wet No. 200 van 1993), het die President die rasgebaseerde Ordonnansie op Plaaslike Regering Superannuasie, 1973 (Ordonnansie No. 24 van 1973), en die Ordonnansie op die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding), 1974 (Ordonnansie No. 27 van 1974) aan die Provinsie toegewys. Artikel 239 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, bepaal dat sodanige toegewysde wetgewing provinsiale wetgewing word. Artikel 104(1)(b) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, wat aan die KwaZulu-Natal Provinsiale Wetgewer die bevoegdheid verleen om provinsiale wetgewing te verorden, sluit die bevoegdheid in om enige provinsiale wetgewing te wysig, herroep en vervang (ingesluit toegewysde wetgewing voor of na 1994 KwaZulu-Natal provinsiale verordende wetgewing).

Die Wetsontwerp stel 'n raamwerk in wat die statutêre raamwerk van die huidige Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie) vervang met 'n raamwerk wat uitsluitlik gereguleer word deur, berig is met, en voldoen aan, die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, die nasionale toepaslike Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet No. 24 van 1956), en die beginsels van goeie regering.

Die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie) was in 1973 ingestel deur die Ordonnansie op Plaaslike Regering Superannuasie, 1973 (Ordonnansie No. 24 van 1973). Lidmaatskap van hierdie Fonds was eksklusief vir wit persone.

Die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding) was in 1974 ingestel deur die Ordonnansie op die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding), 1974 (Ordonnansie No. 27 van 1974). Lidmaatskap van hierdie Fonds was beperk tot nie-blanke persone.

Die Reëls vir die Bestuur en Administrasie van die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie), Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding) en die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Voorsorgfonds was uitgereik, en van tyd tot tyd gewysig, ingevolge die regulasies gemaak behoudens die Ordonnansie op die Natal Gemeenskaplike Pensioenfonds (Aftreding), 1974 (Ordonnansie No. 27 van 1974), die Ordonnansie op Plaaslike Regering Superannuasie, 1973 (Ordonnansie No. 24 van 1973), en die KwaZulu-Natal Wet op Gemeenskaplike Voorsorgfonds, 1995 (Wet No. 4 van 1995). Hierdie regulasies en Reëls is, tot 'n groot mate, identies in inhoud. Desnieteenstaande was die lidmaatskap van die Fondse, asook die begunstigdes en afhanklikes, uitsluitlik rasgebaseerd. Gevolglik, deur die verwydering van alle rasgebaseerde verwysings, word verseker dat daar geen onderskeid tussen die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie) en die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding) betreffende die kategorieë van begunstigdes en hulle afhanklikes bestaan nie, en is die wetgewing nie meer diskriminerend op grond van ras nie.

2. BESPREKING

2.1 Klousule 1: Omskrywings

Klousule 1 omskryf woorde en uitdrukkings gebruik in die KwaZulu-Natal Wetsontwerp op Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie), 2016. Die toepaslike omskrywings vervat in die Ordonnansie op Plaaslike Regering Superannuasie, 1973 (Ordonnansie No. 24 van 1973), en die regulasies daarkragtens gemaak, asook die Reëls vir die Bestuur en Administrasie van die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie), Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding), en die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Voorsorgfonds, lig gesamentlik die inhoud van klousule 1 in.

2.2 Klousule 2: Oogmerke van Wet

Klousule 2 sit die oogmerke van die Wet uiteen, synde om die statutêre raamwerk vir die huidige Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie) te vervang met 'n nuwe raamwerk wat geregleer word deur, berig word met, en voldoen aan die Grondwet

van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet No. 24 van 1956), en die beginsels van goeie regering.

2.3 Klousule 3: Toepassing van Wet

Klousule 3 maak voorsiening dat die Wet van toepassing is op munisipaliteite in assosiasie met, en lede van, die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie). Dit vermeld verder dat die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet No. 24 van 1956), van toepassing is op die Wet en geniet voorkeur in die geval van 'n onverenigbare konflik.

2.4 Klousule 4: Hernoeming, voortbestaan en bedryf van Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie)

Klousule 4 maak voorsiening dat die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie) hernoem word as die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie) en voortbestaan met al die geassosieerde regte, bevoegdhede, pligte, verantwoordelikhede, bates en laste soos dit bestaan het onmiddelik voor die inwerkingtredingsdatum van die Wet. Die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie) word bedryf ooreenkomstig die bepalings van die Wet en die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet No. 24 van 1956). Die regulasies gemaak met betrekking tot, en al die reëls van toepassing op, die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie) is van toepassing op die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie).

2.5 Klousule 5: Voortgesette Fondslidmaatskap

Klousule 5 omskryf die lede van die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie). Alle persone wie, onmiddelik voor die inwerkingtredingsdatum van die Wet, lede van die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie) was, gaan voort om lede van die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie) te wees.

2.6 Klousule 6: Voortgesette assosiasie met Fonds

Klousule 6 bepaal dat alle munisipaliteite in assosiasie met die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie) onmiddelik voor die inwerkingtreding van die Wet, voortgaan om met die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie) in assosiasie te wees.

2.7 Klousule 7: Bevoegdhede van verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad

Klousule 7 verleen sekere bevoegdhede aan die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad (LUR). Die LUR is gemagtig om 'n aktuaris aan te stel met die uitvoer van 'n aktuariële waardasie ten doel, en 'n ouditeur vir 'n audit van die finansiële status van die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie). Die LUR kan regulasies maak vir die wysiging, vervanging of herroeping van bestaande regulasies gemaak ingevolge die Ordonnansie op Plaaslike Regering Superannuasie, asook ten opsigte van die bategrondslag, beleggings en finansiële en ander bronne van die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie). Verder bemagtig die klousule die LUR om regulasies te maak ten einde voorsiening te maak dat lede van die twee pensioenfondse en die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Voorsorgfonds oorplasing tussen die fondse kan kies, asook regulasies rakende ander aangeleenthede indien dit nie onverenigbaar met die Wet is nie, en indien hy of sy dit as nodig of wenslik beskou ten einde die toepassing van die Wet te fasiliteer. Die LUR kan ook kennisgewings uitreik. Regulasies en kennisgewings kan gemaak of uitgereik word met enige inwerkingtredingsdatum, hetsy voor of vervolgens die proklamasiedatum daarvan.

2.8 Klousule 8: Oorgangsreëlings

Klousule 9 sit 'n aantal oorgangsmaatreëls met betrekking tot die Bestuurskomitee en Algemene Komitee uiteen. Die Bestuurskomitee en die Algemene Komitee van die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie) gaan voort, vir alle doeleindes, om werksaam te wees as die Raad van Trusteë en die Algemene Komitee, onderskeidelik, sonder onderbreking en met al hul bevoegdhede, werksaamhede, pligte en rolle. Die klousule bevat ook 'n bepaling aangaande die beheer, bestuur en bedryf van die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie), en omskryf 'n "**werknemer**" vir doeleindes van die Wet. Die klousule maak verder voorsiening vir 'n spesiale algemene vergadering wat gehou moet word binne twaalf (12) maande na publikasie van die Wet.

2.9 Klousule 9: Herroeping van wette en behoud

Klousule 9 maak voorsiening vir die herroeping van die Ordonnansie op Plaaslike Regering Superannuasie, 1973 (Ordonnansie No. 24 van 1973), asook behoud wat betrekking het op die Regulasies ten opsigte van die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie) en die Reëls van toepassing op die vermelde Fonds.

2.10 Klousule 10: Kort titel

Klousule 10 sit die kort titel van die Wet uiteen. Waar geen bepaalde datum van inwerkingtreding bepaal is nie, sal die Wet in werking tree by publikasiedatum in die Provinsiale *Koerant*.

3. LIGGAME EN ORGANISASIES GERAADPLEEG

Die volgende liggame en organisasies sal geraadpleeg word na die publikasie van die Wetsontwerp ooreenkomstig die bepalings van artikel 154(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996:

- 3.1** Die Registrateur van Pensioenfondse;
- 3.2** Die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioen- en Voorsorgfonds;
- 3.3** Geassosieerde munisipaliteite;
- 3.4** Lede van die Natal Gemeenskaplike Pensioenfonds (Superannuasie), deur middel van 'n spesiale algemene vergadering; en
- 3.5** Die Bestuurskomitee van die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie).

4. FINANSIËLE IMPLIKASIES VIR PROVINSIE

In die uitvoer van die vertrouwensverantwoordelikhede ten opsigte van die beheer, bestuur en administrasie van die gevolge van die inwerkingstelling van hierdie Wetsontwerp kan die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad 'n onafhanklike ouditeur en 'n onafhanklike aktuaris aanstel ten einde onafhanklike inligting te voorsien wat wesenlik bystand sal verleen met die volle inwerkingstelling van die bepalings van hierdie Wetsontwerp en, onder andere, ten einde te verseker dat alle rasgebaseerde verwysings en alle vorme van onderskeid tussen die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie) en die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding), met betrekking tot die kategorieë van begunstigdes en hul afhanklikes, verwyder word.

5. FINANSIËLE EN ANDER IMPLIKASIES VIR MUNISIPALITEITE

Geassosieerde munisipaliteite se maandelikse bydrae sal, vanaf die inwerkingtredingsdatum van die Wet, verhoog word ten einde te verseker dat die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie) in staat sal wees om al sy verpligtinge aan alle lede na te kom.

6. FINANSIËLE EN ANDER IMPLIKASIES VIR LEDE

Geen.

7. WETGEWENDE PROSEDURE

By aanvaarding van hierdie Wetsontwerp, in beginsel, deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, beoog die KwaZulu-Natal Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake om die Konsepwetsontwerp en Memorandum oor die Oogmerke aan munisipaliteite, lede van die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie) en 'n spesiale algemene vergadering voor te lê vir skriftelike kommentaar, waarna die Wetsontwerp weer aan die Provinsiale Hoofstaatsregsadviseur en die Provinsiale Tesourie voorgelê sal word.

Die KwaZulu-Natal Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake beoog dan om die Wetsontwerp aan Kabinet voor te lê vir sy goedkeuring en oordrag na die KwaZulu-Natal Provinsiale Wetgewer. Dit word beoog dat hierdie proses tydens die 2016/2017 boekjaar afgehandel sal word.

8. KONTAKPERSOON

Naam: Mnr. KW Kuhn
Posisie: Senior Bestuurder: Regsdienste
Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake
Telefoon: +27 33 395 2942
Selfoon: +27 83 282 5119
Faks: +27 33 394 9714
e-pos: Karl-Heinz.Kuhn@kzncogta.gov.za

**WETSONTWERP OP DIE
KWAZULU-NATAL GEMEENSKAPLIKE MUNISIPALE
VOORSORGFONDS, 2016**

WETSONTWERP

Om voorsiening te maak vir die voortgesette bestaan van, en voortsetting van beide lidmaatskap van en assosiasie met, die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Voorsorgfonds; vir die bevoegdheid van die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad om regulasies te maak; vir oorgangsreëlings; vir die herroeping van wette en behoud; vir die bekragtiging van sekere handelinge; vir die retrospektiewe bekragtiging van die instelling en bedryf van die Natal Gemeenskaplike Munisipale Personeelvoorsorgfonds; en vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

AANHEF

AANGESIEN dit nodig is om die huidige raamwerk vir die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Voorsorgfonds te vervang met 'n raamwerk wat uitsluitlik geregleer word deur, berig word met, en voldoen aan die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, die nasionaal toepaslike Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet No. 24 van 1956), en die beginsels van goeie regering,

WORD DAAR DERHALWE VERORDEN deur die Provinsiale Wetgewer van die Provinsie van KwaZulu-Natal soos volg:-

Omskrywings

1. In hierdie Wet, tensy die samehang anders aandui, beteken –

“**aktuaris**” ’n persoon wat –

(a) ’n genoot is van ’n instituut, fakulteit, vereniging of kapittel van aktuarisse as sodanig geregistreer ooreenkomstig toepaslike wetgewing; en

(b) aangestel is deur die –

(i) Registrateur; en

(ii) Raad van Trustees,

as ’n waardeerder soos bedoel in artikel 9A van die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet No. 24 van 1956);

“**algemene komitee**” die algemene komitee verkies ooreenkomstig die bepalings van die Reëls;

“**beginsels van goeie regering**” die beginsels soos uiteengesit in die King-verslag oor Bestuur in Suid-Afrika, 2009, en enige wysigings daaraan, of hersiening daarvan;

“bestuurskomitee” die bestuurskomitee verkies in ooreenstemming met die bepalings van die Reëls;

“Fonds” die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Voorsorgfonds;

“hierdie Wet” ingesluit die regulasies gemaak en kennisgewings uitgereik ingevolge sodanige regulasies;

“kennisgewing” ’n kennisgewing uitgereik ingevolge ’n regulasie;

“KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Voorsorgfonds” die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Voorsorgfonds ingestel deur artikel 2 van die Wet op die KwaZulu-Natal Wet op die Gemeenskaplike Munisipale Voorsorgfonds, 1995 (Wet No. 4 van 1995);

“lid”, tensy dit uit die samehang anders blyk, ’n natuurlike persoon wie –

- (a) op enige stadium voor die inwerkingtredingsdatum van hierdie Wet tot die Fonds bygedra het en vanaf die inwerkingtredingsdatum van hierdie Wet voortgaan om tot die fonds by te dra; of
- (b) op enige datum wat volg op die inwerkingtredingsdatum van hierdie Wet begin om tot die Fonds by te dra;

“munisipaliteit” –

- (a) ingesluit ’n metropolitaanse munisipaliteit, ’n distriksmunisipaliteit of ’n plaaslike munisipaliteit soos bedoel in artikel 155(6) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
- (b) ’n munisipaliteit ingestel ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);
- (c) ’n munisipaliteit, wanneer bedoel as ’n entiteit of korporatiewe liggaam, soos omskryf in artikel 2 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsel, 2000 (Wet No. 32 van 2000); en
- (d) ’n munisipale gebied, wanneer bedoel as ’n geografiese gebied, bepaal soos bedoel in die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Afbakening, 1998 (Wet No. 27 van 1998);

“ouditeur” ’n openbare rekenmeester en ouditeur wie –

- (a) as sodanig geregistreer is ooreenkomstig die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1991 (Wet No. 80 van 1991); en

(b) aangestel is deur die Raad van Trustees;

“**Pensioenfondswet**” die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet No. 24 van 1956);

“**proklamasie**” die proklamasie in die Provinsiale *Koerant*;

“**Provinsie**” die Provinsie van KwaZulu-Natal;

“**Provinsiale Koerant**” die Provinsiale *Koerant* van die Provinsie van KwaZulu-Natal;

“**Raad op Finansiële Dienste**” die Raad op Finansiële Dienste ingestel ooreenkomstig artikel 2 van die Wet op die Raad van Finansiële Dienste, 1990 (Wet No. 97 van 1990);

“**Raad van Trustees**” die Raad van Trustees bedoel in artikel 7A van die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet No. 24 van 1956), en ingestel soos voorgeskryf;

“**Reëls**” vir doeleindes van die Pensioenfondswet, –

(a) die Reëls vir die Bestuur en Administrasie van die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Superannuasie), die Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding), en die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Voorsorgfonds, uitgereik ooreenkomstig die Regulasies uitgevaardig kragtens die –

- (i) Ordonnansie op Plaaslike Regering Superannuasie, 1973 (Ordonnansie No. 24 van 1973);
- (ii) Ordonnansie op Natal Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Aftreding), 1974 (Ordonnansie No. 27 van 1974); en
- (iii) KwaZulu-Natal Wet op Gemeenskaplike Munisipale Voorsorgfonds, 1995 (Wet No. 4 van 1995); en

(b) enige verdere Bylaes gemaak ooreenkomstig artikel 7, na die inwerkingtreedingsdatum van hierdie Wet;

“**regulasie**” ’n regulasie gemaak kragtens hierdie Wet, ingesluit enige Bylae tot sodanige regulasies;

“**Regulasies wat die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Voorsorgfonds beheer**” die Regulasies wat die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Voorsorgfonds, gepubliseer in Provinsiale Kennisgewing No. 135 van 1996 op 4 April 1996, beheer;

“verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad” die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir plaaslike regering;

“voordeel” enige voordeel toegeken of ander bedrag verskuldig ooreenkomstig die regulasies aan ’n lid, afhanklike of ander persoon;

“voorgeskryf” deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad voorgeskryf deur regulasie gemaak of kennisgewing uitgereik ooreenkomstig artikel 7; en

“werknemer” ’n werknemer soos bedoel in artikels 8(2) en (3).

Oogmerke van Wet

2. Die oogmerke van die Wet is om die huidige raamwerk van die Fonds te vervang met ’n raamwerk wat uitsluitlik gereguleer word deur, berig is met, en voldoen aan die –

- (a) Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
- (b) Pensioenfondswet; en
- (c) beginsels van goeie regering.

Toepassing van Wet

3.(1) Die Wet is van toepassing op alle munisipaliteite in assosiasie met, en lede van, die Fonds.

(2) Die bepalings van die Pensioenfondswet is van toepassing op hierdie Wet, en die Pensioenfondswet geld in die geval van ’n onverenigbare konflik tussen die toepassing van die Pensioenfondswet en die bepalings van hierdie Wet.

Voortsetting en bedryf van Fonds

4.(1) Die Fonds –

- (a) gaan voort om te bestaan met alle geassosieerde regte, bevoegdhede, pligte, verantwoordelikhede, bates en laste soos dit was onmiddellik voor die inwerkingtreedingsdatum van hierdie Wet; en
- (b) word bedryf ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet, onderhewig aan die bepalings van artikel 3(2).

(2) Die Regulasies wat die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Voorsorgfonds beheer en die Reëls is van toepassing op die Fonds.

Voortgesette Fondslidmaatskap

5. Behoudens die bepalings van hierdie Wet of enige ander wet gaan 'n persoon wie, onmiddellik voor die inwerkingtredingsdatum van hierdie Wet, 'n lid was van die Fonds, voort om 'n lid van die Fonds te wees.

Voortgesette assosiasie met Fonds

6. Elke munisipaliteit wat, onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, in assosiasie was met die Fonds se assosiasie met die Fonds duur voort.

Bevoegdhede van verantwoordelike Lid van Uitvoerende Raad

7.(1) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad kan, na oorlegpleging met die Fonds, –

(a) 'n –

- (i) aktuaris aanstel, ten einde 'n aktuariële waardasie van die Fonds uit te voer; en
- (ii) ouditeur aanstel ten einde finansiële verslae van die Fonds te audit;

(b) deur regulasie, enige bestaande Regulasies wat die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Voorsorgfonds beheer herroep, wysig of vervang;

(c) deur regulasies, enige Regulasies maak, herroep, wysig of vervang –

- (i) ten opsigte van die batebasis, beleggings en finansiële en ander inkomstebronne van die Fonds; en
- (ii) wat nie onverenigbaar met hierdie Wet is nie, vir enige aangeleentheid wat hy of sy nodig of wenslik beskou ten einde die toepassing van hierdie Wet te fasiliteer: Met dien verstande dat die algemeenheid van hierdie bevoegdheid nie beperk word deur enige van die bepalings van paragraaf (a), (b), of (c) nie; en

(d) kennisgewings uitreik betreffende hierdie Wet of die Regulasies gemaak deur publikasie in die Provinsiale *Koerant*.

(2) Enige Regulasie gemaak of kennisgewing uitgereik deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad ooreenkomstig subartikel (1) kan gemaak of uitgereik word met inwerkingtreding vanaf enige datum hetsy voor of volgende op die proklamasiedatum daarvan.

Oorgangsreëlings**8.(1) Behoudens die beskerming van bestaande regte bedoel in artikels 4(1) en 9(2) –**

(a) gaan die Bestuurskomitee, ingestel ooreenkomstig regulasie 5 van die Regulasies wat die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Voorsorgfonds beheer, voort, vir alle doeleindes, om werksaam te wees, sonder onderbreking, as die Raad van Trustees van die Fonds met al die bevoegdhede, werksaamhede, pligte en rolle wat, voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, in die Bestuurskomitee van die Fonds gesetel was;

(b) gaan Algemene Komitee, ingestel ooreenkomstig regulasie 5 van die Regulasies wat die KwaZulu-Natal Gemeenskaplike Munisipale Voorsorgfonds beheer, voort, vir alle doeleindes, om werksaam te wees, sonder onderbreking, om te funksioneer as die Algemene Komitee van die Fonds met al die bevoegdhede, werksaamhede, pligte en rolle wat, voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, in die Algemene Komitee van die Fonds gesetel was; en

(c) gaan die Fonds voort om beheer, bestuur en bedryf te word, met die nodige veranderinge, ooreenkomstig die bepalings van elke –

(i) wet; en

(ii) administratiewe en finansiële prosedure,

wat van toepassing was op die Fonds voor die inwerkingtredingsdatum van hierdie Wet.

(2) Behoudens subartikel (3), is 'n werknemer enige persoon in die diens van 'n geassosieerde munisipaliteit, wie –

(a) in 'n voltydse hoedanigheid in diens geneem is deur die vermelde munisipaliteit ; en

(b) die ouderdom van 17 jaar bereik het, maar nie, ten tye van aansluiting by die vermelde munisipaliteit, 'n ouderdom van agt jaar minder as die pensioenouderdom bereik het nie.

(3) Vir die doeleindes van hierdie Wet –

(a) kan enige persoon, wat in diens geneem is deur 'n geassosieerde munisipaliteit en wie se dienste beëindig sal word by voltooiing van die doel vir sy of haar indiensneming, binne 'n tydperk van hoogstens drie jaar, deur die munisipaliteit beskou word om nie 'n werknemer te wees nie;

(b) kan 'n persoon wat in die diens van 'n geassosieerde munisipaliteit aansluit nadat 'n ouderdom van agt jaar minder as die pensioenouderdom bereik is, met die instemming van die indiensnemingsmunisipaliteit, kies om as 'n werknemer beskou te word; en

(c) behoudens die goedkeuring van die Raad van Trustees, kan 'n persoon wat in diens van 'n geassosieerde munisipaliteit aansluit in 'n deeltydse hoedanigheid, met die instemming van die indiensnemingsmunisipaliteit, kies om as 'n werknemer beskou te word.

(4) 'n Spesiale algemene vergadering, bestaande uit alle munisipaliteite in assosiasie met, en werknemerslede van, die Fonds moet binne 'n tydperk wat nie 12 maande na die inwerkingtredingsdatum van hierdie Wet oorskry nie, gehou word.

Herroeping van wet en behoud

9.(1) Die wet vermeld in die eerste en tweede kolom van die Bylae tot hierdie Wet word hiermee herroep tot in die omvang uiteengesit in die derde kolom van die vermelde Bylae.

